NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n Addendum van 10 bladsye (i–x). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar drie afdelings:

AFDELING A: Begrip, Taal en Styl	(50 punte)
AFDELING B: Poësie	(30 punte)
AFDELING C: Visuele Geletterdheid en Kritiese Taalbewustheid	(20 punte)

3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A en C.

4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 5 of 6. Beantwoord dus drie vrae in hierdie afdeling: Vraag 4 (verpligtend), Vraag 5 of 6 (kies een) en Vraag 7 (verpligtend).

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Begin elke vraag **boaan 'n nuwe bladsy**. Rofwerk moet duidelik aangedui word.

7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde en skryf slegs binne die kantlyne.

8. Lees die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let op die puntetoekenning by elke vraag en gebruik dit as riglyn vir die antwoord se lengte.

9. Langs die nommer van sommige vrae kom die afkorting ***MS*** voor. Dit beteken dat daardie spesifieke vraag met 'n **metingskaal** nagesien sal word. Jou antwoord moet 'n uitgebreide paragraaf wees, aangesien jou vermoë om te argumenteer en inligting te integreer, beoordeel sal word.

10. By elke vraag word 'n voorstel gemaak omtrent die aantal minute wat jy daarvoor moet gebruik om te verseker dat jy die vraestel in die gegewe tyd voltooi.

11. Skenk aandag aan taalversorging.

IEB Copyright © 2022

AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

VRAAG 1

Gebruik ongeveer 40 minute vir hierdie vraag.

Lees die resensie deur Leon van Nierop, "Dokkie se skoonheid sal meesleur", (Teks 1 in die Addendum) deur en beantwoord die volgende vrae:

1.1 Hoe word die resensent se positiewe oordeel oor *My octopus teacher* visueel vir die leser aangedui? (1)

1.2 Bestudeer paragraaf 1.

1.2.1 Watter belangrike kontras kom in hierdie paragraaf voor? (2)

1.2.2 Met watter TWEE individuele woorde dui die resensent hierdie kontras aan? (1)

1.3 Kies enige TWEE van die onderstreepte woorde in die tweede sin van paragraaf 1 en verduidelik hoe hulle betekenis die negatiewe strekking van daardie sin ondersteun. (2)

1.4 Skryf die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 1 oor SONDER om die ontkennende vorm te gebruik maar MET die behoud van die oorspronklike betekenis. (1)

1.5 Vervang die woord "seldsame" in paragraaf 2 met 'n sinoniem. (1)

1.6 In paragraaf 3 kom die frase "aan mekaar" voor. Verduidelik die verskil tussen "aan mekaar" en "aanmekaar". (1)

1.7 Die frase " 'n selfvertroetelende gepreek oor natuurbewaring" kom in paragraaf 4 voor.

1.7.1 Wat sou 'n dokumentêre rolprent behels wat 'n "gepreek oor natuurbewaring" is? (1)

1.7.2 Watter betekenis dra die byvoeglike naamwoord "selfvertroetelende" in hierdie konteks by? (1)

1.8 ***MS*** In paragraaf 4 beskryf die resensent *My octopus teacher* as "'n grootmenssprokie waarna kinders ook oopmond sal staar". Verduidelik hoe die kontras wat in hierdie sinsdeel gebruik word, die resensent se positiewe oordeel oor die rolprent ondersteun. (3)

IEB Copyright © 2022

1.9 Wat is die effek van die **lys** wat in paragraaf 5 voorkom? (1)

1.10 Verduidelik wat die nuutskepping **seekatwees** in paragraaf 6 in die konteks van hierdie resensie beteken. (2)

1.11 Verduidelik die gebruik van hakies in paragraaf 7. (1)

1.12 Die resensent maak 'n paar baie sterk stellings oor *My octopus teacher*. In paragraaf 1 sê hy: "Dit verander jou houding oor dokkies vir altyd." In paragraaf 5 maak hy die bewering: "Nooit, maar nóóit raak die gehoor verveeld of ongemaklik nie ...". In paragraaf 8 sê hy egter: "Dit is **moontlik** een van die heel beste en mees respekvolle, pakkende dokkies wat ooit gemaak is, veral in Suid-Afrika."

1.12.1 Hoekom gebruik hy in paragraaf 8 die woord "moontlik", maar nie in die ander voorbeelde nie? (1)

1.12.2 Herskryf nou paragraaf 1 of paragraaf 5 se voorbeeld sodat dit nie 'n veralgemening is nie. (1)

1.13 Die resensent maak 'n aanname oor hoe en waar die kyker hierdie rolprent sal sien. Wat is hierdie aanname en hoe lei jy dit uit die teks af? (2)

1.14 Verduidelik hoekom die resensent bevelsinne in paragraaf 9 gebruik. (2)

1.15 Hoe bewerkstellig die resensent samehang tussen paragraaf 1 en paragraaf 9? (2)

[26]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2

Gebruik ongeveer 30 minute vir hierdie vraag.

Lees die twee briewe aan adviesrubrieke in tydskrifte (Teks 2 in die Addendum) deur en beantwoord die volgende vrae:

2.1 Verwys na Teks 2A.

2.1.1 Waarom kies hierdie briefskrywer die skuilnaam Verward? (1)

2.1.2 Hoekom is die vergelyking "so koud soos 'n ysberg" uiters geskik? (2)

2.1.3 ***MS*** Bespreek die implikasies van die laaste twee sinne van die antwoord. (3)

2.2 Verwys na Teks 2B.

2.2.1 Waarom gebruik hierdie briefskrywer die skuilnaam Kerkmuis? (1)

2.2.2 Benoem die koppelteken wat in die frase "verblyf- en reiskoste" gebruik word en verduidelik die funksie daarvan. (2)

2.2.3 Wat word bedoel met "minder gulsige troues" in die antwoord? (1)

2.3 Teks 2A dateer uit 1979; Teks 2B het in 2021 verskyn.

2.3.1 Bespreek hoe die taalgebruik en die woordeskat in die twee tekste verskil. Noem spesifieke voorbeelde om jou antwoord te ondersteun. (2)

2.3.2 Dink jy dat die twee antwoordskrywers gekwalifiseerd is om hierdie vrae te beantwoord? Motiveer jou antwoord met gegewens uit die twee tekste. (2)

[14]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 3 TEKSVERWERKING

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Situasie:

Jy en jou skoolmaats bewonder die nasionale netbalspeler Vanes-Mari du Toit om baie verskillende redes. Jy het aangebied om met haar 'n onderhoud te voer vir julle skoolkoerant en om die inligting te gebruik vir die gewilde rubriek "Vier vrae aan 'n sportster". Al jou pogings om met haar in aanraking te kom het ongelukkig misluk.

Gelukkig kry jy die artikel deur Lydia van der Merwe (Teks 3 in die Addendum) – nou kan jy jou rubriek opstel!

Opdrag:

Skryf 'n vraag-en-antwoord-onderhoud met Vanes-Mari du Toit vir julle rubriek "Vier vrae aan 'n sportster".

Skryf vier vrae neer met antwoorde wat klink asof Vanes-Mari du Toit self die vrae beantwoord het.

Instruksies:

- Jou onderhoud vir die rubriek (vrae en antwoorde ingesluit) moet in totaal tussen 90 en 100 woorde lank wees.
- Die opskrif is "Vier vrae aan 'n sportster: Vanes-Mari du Toit" en word NIE in jou woordtelling ingesluit nie.
- Spasieer die vrae en antwoorde op geskikte wyse.
- Jou vrae moet oor verskillende aspekte van Vanes-Mari du Toit se lewe en loopbaan handel.
- Jou teks mag SLEGS feite uit Teks 3 gebruik – jy mag dit nie aanvul met jou eie feite of idees nie.
- Dui jou woordtelling onder jou hele teks aan. Tel ALLE woorde, ook **die** en **'n**.
- Gebruik suiwer Afrikaans, selfs al is die styl informeel.
- Jou teks sal met 'n metingskaal beoordeel word.

[10]

50 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING B DIGKUNS

VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Lees die gedig "Ooggetuie" deur Louis Esterhuizen (Teks 4 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

4.1 Volgens die HAT6 is 'n ooggetuie 'n "persoon wat iets self gesien het". Is die spreker in hierdie gedig werklik 'n ooggetuie? Verduidelik jou antwoord. (2)

4.2 Verduidelik die onderskrif by die titel van hierdie gedig. (2)

4.3 Watter TWEE kontraste is daar tussen die eerste woord en die laaste woord van hierdie gedig? (2)

4.4 Die digter gebruik verskillende tegnieke om spanning te skep, soos:

- herhaalde verwysings na tyd;
- weglating van sommige leestekens;
- kort versreëls;
- enjambement; en
- die aandagstreep in versreël 48.

Kies enige TWEE van hierdie tegnieke en verduidelik hoe dit die spanning in die gedig ondersteun. Haal voorbeelde aan indien nodig. (4)

4.5 Watter besonderheid in die gedig vind jy die ontstellendste? Verduidelik jou antwoord in die konteks van die hele gedig. (2)

[12]

IEB Copyright © 2022

BEANTWOORD VRAAG 5 OF VRAAG 6.

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag (indien dit die vraag is wat jy kies).

Lees die gedig "Flits uit 'n braaipan" deur Sheila Cussons (Teks 5 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

5.1 Watter kontras word in hierdie gedig geskep tussen "lyf" (versreël 3) en "hart" (versreël 4)? (2)

5.2 Verduidelik die volgende aanhaling uit die gedig in jou eie woorde: " ... verplig was/om self in te spring – Tót met die eerste Pase ..." (versreël 12–13). (2)

5.3 ***MS*** Verduidelik hoe jy die spreker se siening van die skepping van die mens in hierdie gedig sien. (3)

5.4 Verskaf EEN rede waarom jy hierdie gedig as **vrye vers** kan tipeer. (1)
[8]

OF

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag (indien dit die vraag is wat jy kies).

Lees die uittreksels uit die gedig "Ballade van die bose" deur N.P. van Wyk Louw (Teks 6 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

6.1 Noem EEN eienskap van 'n **ballade** wat in hierdie uittreksels voorkom. (1)

6.2 Kies EEN van die twee vergelykings wat in hierdie uittreksels voorkom (sien versreël 7 en versreël 27) en verduidelik hoe dit die strekking van die gedig ondersteun. (2)

6.3 Lees weer versreël 8 tot 23 van die uittreksels. Waarom is dit, volgens die spreker, onmoontlik vir mense om van hom af weg te vlug? (2)

6.4 ***MS*** Kontrasteer die spreker se siening van die skepping in versreël 28 tot 35 met sy siening in versreël 36 tot 43. Waarom, dink jy, word albei hierdie sienings in die gedig ingesluit? (3)
[8]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Lees die gedig "Nonnetjie-eend" deur Johann Lodewyk Marais (Teks 7 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae.

Nota: Marais se gedig is in die vorm van 'n **vilanelle**. Hierdie digsoort gebruik slegs twee rymklanke, en versreël 1 en versreël 3 word afwisselend as refreinreëls herhaal. Die gedig is opgebou deur vyf tersines en 'n kwatryn.

7.1 Watter aspek van die nonnetjie-eend word deur die twee refreinreëls beklemtoon? (1)

7.2 Hoe kontrasteer hierdie aspek (wat jy in Vraag 7.1 genoem het) met die inhoud van versreël 16 en 17? (2)

7.3 Haal 'n voorbeeld van klanknabootsing uit die gedig aan en verduidelik hoe dit in die gedig as geheel pas. (2)

7.4 Die woord "pan" beteken in hierdie gedig 'n groot, vlak, natuurlike dam wat dikwels die tuiste is vir watervoëls. Hoekom kom die nonnetjie-eend na hierdie pan toe? (1)

7.5 Verduidelik waarom die woord "inski" (versreël 11) gepas is in hierdie gedig. (2)

7.6 Haal 'n voorbeeld van **alliterasie** of **assonansie** aan wat NIE in een van die refreinreëls voorkom nie. Hoe sluit hierdie aanhaling by die gedig as geheel aan? (2)

[10]

30 punte

IEB Copyright © 2022

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID

VRAAG 8 PROMOSIETEKS

Gebruik ongeveer 10 minute vir hierdie vraag.

Bestudeer die promosieteks oor d6 Connect (Teks 8 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

8.1 Waarom word hierdie teks 'n **promosie** genoem en nie 'n **advertensie** nie? (1)

8.2 Hoe pas die gesigsuitdrukkings van die mense in die foto by die produk? (1)

8.3 Hoe ondersteun die foto en die tekening daaronder geslagstereotipering? (2)

8.4 Noem TWEE visuele tegnieke wat gebruik word om die teks leesbaarder te maak. (2)
[6]

VRAAG 9 SPOTPRENTE

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Bestudeer die spotprente deur Niël van Vuuren en Fred Mouton (Teks 9A en 9B in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

9.1 Verwys na Teks 9A.

9.1.1 Wat is die **toon** van die man se vraag? (1)

9.1.2 Hoe ondersteun die man se **gesigsuitdrukking** die toon van sy vraag? (1)

9.1.3 Bespreek die donkies se reaksie op die man se idee deur na hulle **gesigsuitdrukkings** en hulle **lyftaal** te verwys. (3)

9.2 Verwys na Teks 9B.

9.2.1 Verduidelik hoekom die woorde op die bedelaar se plakkaat as 'n geval van woordspeling beskou kan word. (1)

9.2.2 Hoe, dink jy, sal verbygangers reageer op die bedelaar se kleredrag? (1)

9.2.3 Drie vervoeralternatiewe, wat gebruik kan word om die hoë petrolprys te vermy, word in die spotprent uitgebeeld. Watter een, dink jy, is die mees realistiese oplossing? Verskaf 'n oortuigende **rede** vir jou antwoord. (2)

9.2.4 Die muisie in die onderste linkerhoek sê: "Duur dieët." Korrigeer die spelfout in sy woorde en verduidelik waarom jy daardie verbetering aanbring. (2)

9.3 ***MS*** Verwys na albei spotprente. Watter spotprent bied volgens jou die mees **humoristiese** uitbeelding van die gevolge van die styging in die petrolprys? Verduidelik jou keuse. (3)

[14]

20 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2022